

# Junie

## Laat u wil geskied

### *Jesus bid in Getsemane:*

*Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil."*

*Daarna kom Hy na die dissipels toe terug en kry hulle aan die slaap. Hy sê toe vir Petrus: "Kon julle nie eens een uur lank saam met My waak nie? Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak."*

*'n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê: "My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied."*

*Toe Hy terugkom, kry Hy hulle weer aan die slaap, want van die vaak kon hulle nie hulle oë oophou nie.*

*Hy het hulle weer alleen laat bly en 'n derde keer gaan bid en dieselfde woorde gesê.*

*(Matt. 26:39-44).*

## Maandag 1 Junie

**Skrifgedeelte: 1 Konings 21:1-10, 25**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 21:25**

### Isebel – 'n Vrou se groot invloed

Isebel (*ongerep, kuis*), wys vir ons hoe 'n vrou haar man en gesin, die kerk en die hele gemeenskap negatief kan beïnvloed.

Koning Agab van Israel het waarskynlik om politieke en ekonomiese redes met die ongelowige Isebel, koning Etbaäl van Sidon se dogter, getrou. Hierdie huwelik het rampspoedige gevolge gehad. Koning Agab moes toesien dat die volk aan God ge hoor saam bly. Hy het egter toegelaat dat Isebel met haar sterk persoonlikheid hom en die res van Israel oorreed om Baäl te dien.

Die kerk van die Ou Testament het in Agab en Isebel se tyd só agteruitgegaan dat daar maar 7 000 gelowiges oor was. Isebel se optrede teenoor die onskuldige Nabot wys vir ons hoe vernietigend haar invloed was.

Waar gelowige vroue hulle geloof uitleef, gebeur die teenoorgestelde. Die apostel Petrus wys vir ons wat gebeur waar gelowige vroue aan God gehoorsaam is en positief hulle geloof uitleef (1 Pet. 3:1-2). In sy tyd was daar vroue in Klein-Asië wat tot geloof gekom het. Deur hulle geloofsvoorbeeld het sommige van hulle se mans ook tot geloof gekom. Sodoende is mense vir Christus gered, gesinne het deel van God se verbond geword en die gemeenskap is positief beïnvloed.

Vroue beklee 'n besondere plek en het groot invloed in huisgesinne, die kerk en die samelewing. Gelowige vrou, hoe leef jy jou geloof uit? Gelowige man, help jy jou vrou sodat haar geloof positiewe vrugte dra?

*Sing: Psalm 128:1, 2*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)*

**Dinsdag 2 Junie**

**Skrifgedeelte: Genesis 16:1-6**

**Fokusgedeelte: Genesis 16:7-9**

### **Ismael en God se genade**

Ons kan so ongeduldig wees as God nie dadelik ons gebede verhoor of sy beloftes nakom nie. Dan beraam ons ons eie plannetjies, al is dit teen God se wil. Dit is wat Abram en Sarai gedoen het toe hulle na soveel jare van wag nog nie hulle beloofde seun gekry het nie. Sarai het die leiding geneem dat Abram 'n seun by haar slavin verwek.

Wanneer ons aan God ongehoorsaam is, is daar altyd negatiewe gevolge: Hagar het op haar eienares begin neerkryk (vs 4). Daar het wrywing tussen Abram en sy vrou, Sarai, gekom (vs 5). Sarai het wreed teenoor haar slavin opgetree (vs 6). Hagar het weggeloop van haar eienares af (vs 6).

Ten spyte van Abram en Sarai se ongehoorsaamheid, was God steeds genadig. Hy het steeds sy belofte nagekom en op sy tyd aan hulle die beloofde seun gegee. Hy het Hagar se swaarkry gehoor en sy het aan Ismael geboorte gegee. Ismael beteken "God hoor". Ismael is 'n groot nageslag belowe.

Die Engel van die Here het Hagar teruggeroep toe sy onderweg was na haar vaderland, Egipte, toe. Die Engel van die Here is God se eie Seun wat Hagar terugroep om ten spyte van al die stukkendheid in haar lewe, aan God se verbond deel te hê. Hagar en Ismael kon net deel hê aan God se verlossing as hulle deel was van sy verbondsvolk.

Sien jy God se genade in jou gebroke en sondige lewe? Ismael en sy nageslag het ongelukkig God se genade in die wind geslaan. Wat doen jy met God se genade?

*Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)*

## **Skriflesing: Numeri 4:21-33**

**Fokusgedeelte: Numeri 4:21, 28, 33**

### **Itamar – In diens van die Here ... ook in die skynbaar minder “glansryke”**

Itamar (*land van die palmbome*) was 'n Leviet wat deur Goddelike bepaling by die vervaardiging van die tabernakel by Sinai 'n besondere rol gespeel het (kosteberekening – Eks. 38:21). Hy sou nie net met die vervaardiging van die tabernakel betrokke wees nie, maar ook die vervoer daarvan (Num. 4:21-33).

Hier val hom nie te beurt die “glansryke werk” van toesig oor die vervoer van die gewyde voorwerpe nie (vs 4), maar wel die tentseile, gordyne (vs 24), die strukturele raamwerk (vs 31). Verrassend as sy belangrike werk by die vervaardiging in gedagte gehou word. Hy moet nou met seile, gordyne, toue, pale, latte, voetstukke spook, terwyl die “skynbaar meer glansryke werk” aan iemand anders toevertrou word.

Gebeur dit nie soms dat ons voel ons moet die “sleurwerk” verrig, terwyl ander die “glansryke” doen nie? Soms selfs in ons godsdienstige leefwêreld – hier net goed genoeg vir die “sleurwerk”, die minder “glansryke”.

Numeri 4 openbaar dat die diens van die Here soms die minder “glansryke” inhou, wat nie beteken dat dit van minder belang is nie. Wat sou met die gewyde voorwerpe van die tabernakel in die woestyn gebeur het as daar nie 'n struktuur wat met seile oorgetrek kon word, saamgeneem is nie? Sonder die “minder glansryke” (tentseile, strukturele raamwerk) kon die “glansryke” (gewyde voorwerpe) nie in diens van die Here funksioneer nie. Daarom is Itamar se skynbare minder “glansryke” diens onmisbaar vir die res van die volk om hulle diens te kon verrig.

Is dit nie juis die pad van Christus hier op aarde nie? Die “minder glansryke” van die kruisdood sodat ons die “glansryke diens” aan God op grond van sy onbaatsugtige diens kan verrig. Ons is nie groter as Christus nie, daarom is vir ons ook die minder “glansryke” in diens van die Here.

*Sing: Psalm 116:9*

*Ds. HJP (Hendrik) de Beer (Magol)*

**Donderdag 4 Junie**

**Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:1-22**

**Pas op!**

Dit is asof Paulus net nie genoeg teen selftevredenheid onder Christene kan waarsku nie. Hier is nog 'n vorm daarvan: valse gerustheid.

Die voorbeelde uit Israel se geskiedenis in die Ou Testament spreek boekdele. As uitverkore volk het hulle in God se verlossing, sy sorg, beskerming en genade gedeel (vs 1-4). In Nuwe-Testamentiese taal was hulle “belydende lidmate” van Christus se kerk, gedoop en gereeld gevoed met die Woord van God en sy liefdesorg – soos ons.

Tog het die meeste van die volwassenes wat uit Egipte verlos is, Kanaän nie beërwe nie. Hulle is langs die trekpad deur God verdelg weens hulle afgodery en sedeloosheid, asook hulle uittarting van en opstand teen hulle getroue Verbondsgod ... (vs 7-10).

Die dinge wat Israel op die woestynpad na Egipte en Kanaän gedoen en oorgekom het, is tipies van kerkmense se valse gerustheid. Die woord “voorbeeld” is in Grieks “tupos”: “tipe, tipies” in Afrikaans (vs 6, 11). Ons is mos gered en ons is tog gedoop. Ons is sekerlik immuun teen die bose en sy ryk. God verseker ons tog dat Hy ons nie uit sy Vaderhand sal laat glip nie!

Om 'n bietjie met Oosterse mistiekrituele te speel, is tog seker nie gevaarlik nie? Om gereeld te kyk na wat “my sterre” voorspel, is blote pret. Om te praat van “die gode”, “dank jou sterre”, die “noodlot” maak my tog seker nie van my 'n heiden nie? 'n Buite-egtelike verhouding sal my darem nie in die hel laat beland nie ...!

Pas op: “Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie” (vs 13).

*Sing: Skrifberyming 43:4*

*Ds. J (Johan) Botha (Emeritus)*

**Vrydag 5 Junie**

**Skrifgedeelte: Genesis 26:12-33**

**Fokusgedeelte: Genesis 26:22 (OAV/NAV)**

### **Isak – ruimte in die land van vreemdelingskap**

As gevolg van 'n hongersnood bly Isak (*hy lag*) as vreemdeling in Gerar van die Filistyne. Die Here het hom beveel om daar te vertoef en Hy het ook aan Isak die belofte gegee dat Hy met hom sal wees en hom sal seën.

In dié geskiedenis sien ons hoe die Here sy belofte gestand doen en vir Isak met voorspoed in die vreemde land seën. Hy maak 'n groot oes en gaan vooruit.

Sy voorspoed is egter net die een kant van wat Isak in die vreemde beleef. Aan die ander kant is daar konflik met die Filistyne. Hulle raak afgunstig op hom en vra hom om van hulle weg te trek. Dan maak hulle die lewe vir hom moeilik deur rusie te maak en te stry oor die putte wat hy grawe.

By die derde put stry hulle nie en hy noem dit “Réhobot” of “Ruimte”. Hy bely dat die Here vir hulle ruimte gemaak het en dat hulle voorspoedig in die land kan wees. Daarna kom die Filistyne na hom en vra om 'n verdrag te sluit, want hulle het gesien dat die Here by Isak is.

Isak se verblyf in die vreemde beskryf in baie opsigte ons verblyf as gelowiges hier op aarde. Ons ontvang uit genade ryke seëninge van die Here. Ons kan leef met die ontsaglike troos dat ons deur Jesus Christus aan God behoort. Ons sondes is vergewe. Ons het soveel sekerheid en hoop. Ons lewens is in God se hande en Hy sorg vir ons.

Tog beleef ons ook baie konflik en stryd. Ons het die konflik nodig om ons te herinner dat ons hier op aarde net vreemdelinge is. Ons moet die ruimte wat die Here ons hier gee, so gebruik dat ook ander tot erkenning van God se seën in ons lewens kan kom.

*Sing: Psalm 34:1, 8 (1936)*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*

**Saterdag 6 Junie**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 4:5-10**

**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 4:9, 10 (OAV/NAV)**

### **Jabes – nie 'n man van smart nie**

In die geslagsregister, tussen die klomp name van mense, kry ons die verwysing na Jabes. Dit wat ons van hom weet, staan net in hierdie twee verse van die Bybel opgeteken.

'n Paar jaar gelede is daar baie gemaak van Jabes en in besonder van die gebed wat hy gebid het. Die gebed is as 'n modelgebed voorgedhou, as 'n tipe towerformule wat gelowiges herhaaldelik moet bid as hulle voorspoedig wil wees. Deesdae hoor jy nie meer van Jabes se gebed nie. Sou dit wees dat die praktyk uitgewys het dat dit wat van Jabes se gebed gemaak is, glad nie die bedoeling van die Bybel is nie?

Jabes se ma het hom sy naam gegee, en dit het herinner aan die smart waarmee sy hom in die wêreld gebring het. Hy was egter nie 'n man van smart nie. Die Here het aan hom genade bewys en hy was meer geëerd as sy broers. Hy het hom tot God gewend en om die ryke seën van die Here in sy lewe gebid, en die Here het sy gebed verhoor. Nie 'n man van smart nie, maar 'n man wat deur God geseën is.

Die enigste rede waarom Jabes se lewe nie 'n lewe van smart was nie, die rede waarom daar genade en seën en gebedsverhoring vir hom was, was omdat daar 'n ander Man van smarte was (Jes. 53). Hy wat al ons smarte op Hom geneem het. Hy wat die straf van God gedra het om vir ons versoening met God te bewerk.

As jy deur die Man van Smarte verlos is, deur Jesus Christus, dan het God aan jou oorfloedige genade bewys en ontvang jy ryke seëning uit sy Hand. Maak dan aan Hom jou begeertes en dank deur jou gebede bekend. So word God geëer.

*Sing: Psalm 142:1, 4 (1936)*

*Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)*

## Sondag 7 Junie

**Skrifgedeelte: Rigters 4:17-23**

**Fokusgedeelte: Rigters 4:17-18**

### **Jael – Die Here gebruik jou as 'n aktiewe instrument in sy koninkryk!**

Die Here red sy volk op die wonderbaarlikste manier. Die volk Israel het, soos ons in hoofstuk 4:1 lees, weer gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here. Daarom het die Here hulle in die mag van koning Jabin en sy hoofbevelvoerder, Sisera, oorgegee. Wanneer die volk tot die Here bid, reageer Hy dadelik op hulle hulpgeroep.

Die Here is die ware redder in hierdie hele verhaal, maar Hy gebruik mense as sy instrumente in sy raadsplan. Hy het Sisera in Jael (*steenbok*) se hand oorgegee en sy het die eer van die oorwinning gekry.

Jael was 'n vrou uit die nageslag van Moses se skoonfamilie. Sy was dus streng gesproke 'n aangetroude Israeliet. Sy en haar man het ook goed met koning Jabin van Hasor en sy weermag oor die weg gekom. Dit is waarom Sisera juis na hulle tent toe vlug.

Menslik gesproke was Jael nie juis 'n persoon wat ons sal kies om 'n opdrag van die Here uit te voer nie. Die Here gebruik juis haar as vrou, wat nie hoog in aansien van mense was nie, om sy taak uit te voer. Dit is soos daar in 1 Korintiërs 1:27-29 staan, die Here kies mense om in sy diens te gebruik wat in die wêreld se oë klein is.

Selfs ons Verlosser, Jesus Christus, was deur die mense gespot en selfs gekruisig, maar sy Vader het juis Hom gestuur om vir ons almal se sondes te sterf. Hy het vir ons gesterf en Hy gee vir ons krag deur die werking van die Heilige Gees om ook nou op die roeping van ons Vader te reageer.

Die Here wil jou vandag aktief in sy diens gebruik. Maak nie saak in watter pos jy staan of hoeveel aansien jy het nie, jy word deur die Here geroep om sy liefde aan almal uit te dra. Hoe gaan jy op sy roepstem reageer?

*Sing: Psalm 46:1*

*Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Barkly-Oos/Maclear/Elliot)*



**Maandag 8 Junie**

**Skrifgedeelte: Genesis 9:20-29**

**Fokusgedeelte: Genesis 9:27**

### **Jafet – Jy is altyd welkom by die Here**

Jafet (*uitbreiding*), die seun van Noag, staan in die verhaal eintlik op die agtergrond. Hy en Sem word deur hulle pa geseën omdat hulle sy eer verdedig het, maar Sem kry die waardevolste seëning. Die Here sy God sal met sy nageslag 'n ewige verbond sluit.

Jafet kry net 'n ruim woonplek, maar wanneer ons mooi na die teks kyk, sien ons die Here se groot raadsplan raak. Met Jafet en sy nageslag het die Here tog 'n groter plan. Hulle kan ook aan sy verlossing deur Jesus Christus deel kry, hulle sal altyd by Hom welkom wees. In vers 27 lees ons dat Jafet welkom sal wees in die tent van Sem wat deur die Here beskerm word. Hy en sy nageslag kan ook aan hierdie seëninge van die Here deel kry.

Jesus Christus het vir alle volke, tale en nasies aarde toe gekom om vir ons te sterf. Die Here het selfs vir my en jou, wat deurtrek is van die sonde, gesterf. Al is ons hoe klein en nietig, die Here is ons God. Hy het vir ons redding bewerk. Dit is nie vir ons nodig om 'n gebore Israëliet te wees nie, ons kan net in Hom glo.

Dit is hoe ver die Here se genade strek. Dit maak nie saak hoe ver jy van Hom afgedwaal het nie, jy is altyd welkom in sy "tent". Hy sal jou vergewe en jou met ope arms ontvang.

Hieruit kry elkeen van ons ook die opdrag om die Woord van die Here aan almal wat nog nie in Hom glo nie, te verkondig. Om hierdie genade, dat enigeen kan deel kry aan die verlossing, aan almal te vertel.

Leef vandag opnuut met die troos dat jy altyd welkom is om by die Here skuiling te vind en deel hierdie troos met almal.

*Sing: Psalm 56-1:1*

*Ds. DJ (Dirk) de Bruyn(Barkly-Oos/Maclear/Elliot)*

**Dinsdag 9 Junie**

**Skrifgedeelte: Markus 5:21-43**

**Fokusgedeelte: Markus 5:36 (OAV/NAV)**

**Jairus – Bly maar net (in die God van wonders) glo!**

Min mense het nog nie in hulle lewe 'n teleurstelling beleef nie. Selfs gelowiges beleef teleurstellings. En wat 'n teleurstelling moes Jairus (*God verlig*) nie beleef het nie. Behalwe dat hy 'n raadslid was, weet ons nie veel van hom af nie.

Uit die gebeure is dit tog duidelik dat hy geweet het watter wonders Jesus al gedoen het, en daarom val hy voor die voete Jesus neer en smee dat Jesus sy dogtertjie gesond moet maak. Sy poging om by Jesus uit te kom en sy smeking was nie verniet nie – Jesus gaan saam met hom.

Op pad draai Jesus egter eers om na 'n oënskynlike “onbekende” en “onbelangrike” vrou wat vanweë haar siekte uit gemeenskap weggestoot is. Sy vertraag die genesing wat Jesus moet bewerkstellig in so 'n mate dat Jesus “te laat” is. Die oënskynlike “bekende” en “belangrike” man se dogtertjie het gesterf. Boonop sê Jesus dan ook vir hom om *maar net te bly glo*. Dit is dan wat hy gedoen het! Die wonders waaraan hy geglo het, is nie vir hom en sy gesin beskore nie. Sy kind is dood.

Dalk is dit partykeer ook die probleem met ons geloof! Wanneer ons by 'n kruispad in ons lewe kom, staar ons onself dikwels so blind teen die uitkoms wat die Here vir óns moet gee dat ons Hóm nie raaksien nie.

Daarom ook vandag die boodskap, ongeag hoe belangrik of bekend ons dink ons mag wees: Sien die wonders van ons Here raak, maar kyk verder, sien Hom raak wat die wonders doen en glo maar net ... Glo NET in Hom wat mag oor die dood het. Hy wat nie net die dogtertjie van Jairus (en andere) uit die dood opgewek het nie, maar vir jou en my die ewige dood met sy sterwe aan die kruis oorwin het.

*Sing: Skrifberyming 14-2*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (Harrismith)*

**Woensdag 10 Junie**

**Skrifgedeelte: Genesis 32:22-32**

**Fokusgedeelte: Genesis 32:26-38 (OAV/NAV)**

**Heidelbergse Kategismus Sondag 9**

### **Jakob – Hou vas aan die Seun (seën) van God!**

Daar is min mense wat sonder worsteling deur die lewe gaan, of dit by die werk, in jou familie, of selfs met jou geloof is. Wanneer ons elke Sondag bely dat ons in *God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde* glo, bely ons dat ons aan Hóm vashou, dat ons selfs in ons worsteling Hóm vertrou en dat Hý alles gee wat ons na liggaam en siel nodig het.

Al was Jakob (*hy bedrieg*) 'n opperste bedrieër, 'n leuenaar, 'n konkelaar en 'n hakskeengryper (byter), het hy met sy worsteling in die Jabbokrivier besef dat hy God nodig het. Al beveel die (M)man Jakob om (H)hom te los, besef Jakob, nadat sy pootjie uit lit geslaan is, hy gaan val as hy hierdie (M)man los.

Tog is die ware Jakob nog steeds daar en dring hy daarop aan om geseën te word. Op die vraag: “Wie is jy?” antwoord hy: “Jakob”, vir een van die min kere in sy lewe met die waarheid. Met die noem van sy naam erken hy nie net die ware betekenis van sy naam nie, maar bely hy die mens wat hy is. Met daglig ontvang Jakob die seën van die Here. Hy kry 'n nuwe naam! Nie meer bedrieër nie, maar oorwinnaar.

Wie is jy? Is jy nog Jakob? Of het jy al in Christus “Israel” geword? Hou jy aan jou Here vas? Onthou die woorde van ons Here in Jesaja 43:1 – “Ek het jou by jou naam geroep, jy is Myne!” Ons behoort aan Hom en in Christus ís ons meer as oorwinnaars (Rom. 8:37).

Hou in jou worsteling vas aan die Seun van God. Hý is die Oorwinnaar. Hou vas aan die seën wat ons in en deur Hom ontvang het, die seën van verlossing, die seën van die ewige lewe.

*Sing: Skrifberyming 14-3:3, 4*

*Ds. JJ (Johannes) de Bruyn (Harrismith)*

**Donderdag 11 Junie**

**Skrifgedeelte: Lukas 9:51-56**

**Fokusgedeelte: Lukas 9:54**

### **Jakobus – Toegewyd in liefde!**

Voordat ons Jakobus en Johannes net veroordeel oor dit wat hulle hier sê, moet ons eers probeer om hulle te verstaan. In vers 28-36 word die gebeurtenis van die verheerliking op die berg aan ons beskryf waar Moses en Elia aan Jesus verskyn. Die kernboodskap van daardie gedeelte is dat Jesus veel groter as Moses en Elia is. Van Elia word daar twee keer in die Ou-Testament vermeld dat hy vuur uit die hemel geroep het (1 Kon. 18; 2 Kon. 1). Hulle het sekerlik gemeen dat as Jesus groter is as Elia, dan moet hulle nou ook vuur uit die hemel roep soos wat Elia gedoen het toe hulle hom as profeet verwerp het.

Ons tree ook dikwels soos Jakobus en Johannes op. Ons verwag dat ons spesiale behandeling moet ontvang, want ek betaal daarvoor, of ek verdien dit weens my hoë posisie of wat ook al. En as ons dit nie ontvang nie, dan wil ons vuur uit die hemel roep. Daarom is Jesus se optrede hier so opvallend. Jesus is wel groter as Elia en tog is Hy so veel anders as Elia. Toe Hy in Getsemane gevange geneem is en die dissipels Hom met die swaard wou beskerm, toe sê Hy: “Sit jou swaard terug in sy plek ... Of dink jy Ek kan nie my Vader om hulp vra nie? Hy sal dadelik vir My meer as twaalf legioene engele beskikbaar stel” (Matt. 26:52-53). Jesus roep nie vuur uit die hemel nie, Hy genees die slaaf se oor wat deur sy dissipel afgekap is (Mark. 14:47). Wanneer hulle Hom aan 'n kruis ophang, dan roep Hy steeds nie vuur uit die hemel nie, maar bid tot die Vader dat Hy hulle sal vergewe omdat hulle nie weet wat hulle doen nie.

As navolginge van Jesus is dit nie nodig om vuur uit die hemel te roep op dié wat ons vervolg en verwerp en verag nie, want ons Here Jesus Christus het ons met ons sonde aanvaar. Hy sterf vir ons en dit maak dat ons die verwerping van mense in 'n nuwe lig sien (vgl. 1 Pet. 2:15). Na dit wat Christus vir ons gedoen het, wil ons met toewyding liefhê soos Christus ons tot die dood toe liefhet.

*Sing: Psalm 34:1, 2*

*Ds. PJ (Paul) de Bruyn (Oos-Londen)*

**Vrydag 12 Junie**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 3:1-9**

**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 3:8**

**Jannes en Jambres – Christus se liefde maak harte wat verset,  
sag!**

Die name Jannes (*onderdruk*) en Jambres (*die weerspannige*) kom nie in die Ou-Testament voor nie, maar daar word wel na hulle in buite-Bybelse bronne verwys. Volgens Joodse literatuur word daar na hulle verwys as twee van die farao se towenaars wat probeer bewys het dat hulle net so effektief met hulle towerkunste is soos Moses en Aäron (vgl. Eks. 7:11). Hulle het alles in hulle vermoë gedoen om te probeer bewys dat Moses en Aäron nie die waarheid praat nie, en daarom nie deur God gestuur is om die volk uit Egipte te lei nie.

In hierdie gedeelte vergelyk Paulus die valse profete met Jannes en Jambres, aangesien hierdie vals profete hulle net soos Jannes en Jambres teen die waarheid verset het. Hulle doen alles in hulle vermoë om te bewys dat hulle Christus nie nodig het nie. Hierdie valse profete stry met alles in hulle teen die waarheid, en Paulus gee die rede daarvoor in vers 4 as hy daarop wys dat hulle eerder liefde vir genot het as liefde vir God.

Eerlike selfondersoek wys ons egter daarop dat ons self soms in hierdie strik trap. Ons verset ons teen die waarheid omdat ons nie glo dat ons genot alleen in Christus is nie. Ons sal alles in ons vermoë doen om die sonde wat ons doen, te regverdig. Indien dit byvoorbeeld vir jou groot genot inhou om deur mense geëer te word vir jou werk, jou posisie of jou skoonheid, sal jy alles in jou vermoë doen om daardie eer te ontvang. Jy sal selfsugtig wees, grootpraterig, beledigend en liefdeloos (vgl. vs 2). Alles om geëer te word. Jy glo dus dat jy alleen ware genot in eer sal ontvang en daarom is jou liefde vir die genot om geëer te word, groter as jou liefde vir God!

Al hoe ons dit kan verander, is wanneer ons sien hoe lief God ons in Christus het. Hy kom nie na hierdie wêreld om deur ons gedien te word nie, Hy kom om ons te dien! Hy gee sy eer op en word verneder tot in die dood toe, sodat ons in ons eer herstel kan word. Niks wat ons doen, kan daardie eer wat ons in Christus ontvang, van ons wegneem nie, nie eens die sonde nie, want Christus het daarvoor betaal.

Wanneer ons sien hoe Jesus Christus sy eer verruil om ons in ons eer te herstel (vgl. Ps. 71:21; 91:15), dan sal ons besef dat dit nie nodig is om te bewys dat ons die eer van mense werd is nie. Ons het 'n veel groter eer in Christus en die Gees ontvang, ons is kinders van God (vgl. Rom. 8:15).

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 3 (33)*

*Ds. PJ (Paul) de Bruyn (Oos-Londen)*

**Saterdag 13 Junie**

**Skrifgedeelte: Handeling 17:1-9**

**Fokusgedeelte: Handeling 17:9 (OAV/NAV)**

### **Jason – Onbekend beteken nie onbelangrik**

Jason is nie 'n bekende persoon nie. Selfs hier waar ons van hom lees, lyk hy nie baie belangrik nie.

Toe Paulus en Silas in Tessalonika gepreek het, het baie mense tot bekering gekom. Die Jode wat hieroor afgunstig was, het stories by die stadsowerheid aangedra en gesê dat die apostels die mense probeer verlei om 'n ander koning as die keiser uit te roep. Hulle kon nie vir Paulus en Silas in die hande kry nie, en daarom het hulle vir Jason (*die genesende*) en ander gelowiges voor die stadsowerhede gebring.

Daar het Jason en die ander vir hulle verduidelik waarom dit werklik gegaan het. Hulle het nie regtig evangelisasie gedoen nie. Hulle het nie groot veldtogte gehou of met besondere wysheid gespreek nie. Hulle het net die situasie verduidelik. Tog was hulle so belangrik, want hulle het vir Paulus en Silas in staat gestel om met hulle bediening voort te gaan.

Sommige gelowiges word geroep en toegerus om 'n groot impak te maak op baie. Ander van ons word geroep en toegerus om te ondersteun. Dit maak egter nie die een belangriker as die ander nie.

Wat ons diens aan die Here belangrik maak, is nie hoe goed dit lyk, of hoeveel mense dit raak sien, en of dit gemeet aan wêreldse norme goed genoeg is nie. Dit is uiteindelik nie om ons belangrik te laat lyk nie. Wat ons diens aan die Here belangrik maak, is die Here vir Wie ons dien.

*Sing: Psalm 25:2*

*Ds. AP (André) de Jager (Klerksdorp-Noord)*

**Sondag 14 Junie**

**Skrifgedeelte: 1 Kronieke 16:37-42**

**Fokusgedeelte: 1 Kronieke 25:3 (OAV/NAV)**

### **Jedutun – Leer jou kinders om die Here te loof**

Dawid was diep onder die indruk van die liefde en genade, maar ook die almag en heerlikheid van die Here. Daarom neem hy die teenwoordigheid van die Here nie vanselfsprekend nie.

Die Here het deur die ark sy teenwoordigheid bevestig, en daarom stel Dawid Leviete aan om by die ark diens te doen. Dit is egter 'n besondere diens. Hulle moes die Here die God van Israel roem, loof en prys. 'n Paar manne word by name aangesê om die Here te loof, en Jedutun (*Iof*) is een van die manne. Die besondere hiervan is dat die lofprysing nie in die eerste plek 'n oproep tot die volk is om ook iets te doen nie. Die lofprysing is ook nie om iets van die Here te kry nie. Hulle loof die Here omdat Hy die Here is.

Dit is ongelooflik, want deur hierdie een ding wys hulle die genade, liefde, trou en heerlikheid van die Here. Hulle werk nie vir iets nie, hulle jubel hulle blydschap oor die redding wat hulle verniet gekry het, en hulle erken die heerlikheid en ewigheid van die Here wat waardig is om geloof te word.

Hoe besonders Jedutun se lofprysing egter is, hoor ons in 1 Kronieke 25:3. Sy kinders het onder sy leiding ook die Here geloof en geprys.

Leer ons ons kinders dat die Here ons Here is? Leer ons hulle van sy almag en heerlikheid, maar ook sy liefde en genade?

Leer ons ons kinders om die Here te loof?

*Sing Psalm 146:1*

*Ds. AP (André) de Jager (Klerksdorp-Noord)*



**Maandag 15 Junie**

**Skrifgedeelte: Rigters 11:1-10**

**Fokusgedeelte: Rigters 11:10**

**Jefta – God gebruik mense, ongeag stand, agtergrond en vermoë**

Israel het weer gedoen wat verkeerd was in die oë van die Here – die storielyn van die boek Rigters. Hulle hart-vergeetagtigheid maak dat hulle ook ander gode dien. Daarom gee God hulle oor aan die vyand. Die onderdrukking van Israel is die ergste nog – hulle is mishandel en vir 'n lang tyd (18 jaar).

In hulle nood roep hulle na God – maar dit is nie 'n hartsverandering nie. Daarom is God se antwoord hard – gaan vra julle hulp by die afgode. Die volk is slegs jammer oor die gevolge van die sonde as wat hulle berou het oor die sonde self. Hulle tree teenoor God op asof Hy een van die afgode is.

God se reaksie laat die volk beseft dat hulle hart nie in hulle optrede is nie. Daarom hulle versoek in 10:15, wat anders is as die versoek in 10:10. Hulle soek God, al beteken dit dat hulle nog moet ly. Hulle verwyder ook die afgode.

God stuur dan sy redder in die persoon van Jefta – 'n onverwagse keuse. 'n Goeie krygsman, maar verder nie 'n goeie getuigskrif oor sy agtergrond nie. Seun van 'n prostituut, uitgestoot deur sy familie en gemeenskap. Leier van 'n klomp leeglêers wat hulle op georganiseerde misdaad toegelê het. God gebruik hom as redder van die volk. Die leiers van Gilead, hulle wat hom uitgewerp het, versoek hom om hulle leier te word. Jefta ontvang bevestiging van hierdie roeping (11:9, 10).

Sy lewe en agtergrond het God gebruik om hom voor te berei om verlossing te bring. Hierin is hy weer skaduwee van ons grootste Verlosser. Jesus het na sy eie gekom, maar sy eie het Hom nie ontvang nie (Joh. 1:11). Hy was in die wildernis en in elke opsig versoek, maar het nie gesondig nie (Heb. 4:15).

God gebruik mense, ongeag stand, agtergrond en vermoë. Hy maak bekwaam en gewillig en die werk wat Hy in jou begin het, maak Hy klaar. In Christus is ons meer as oorwinnaars.

*Sing: Psalm 98-1:1, 2*

*Dr. TC (Theuns) de Klerk (Okahandja)*

**Dinsdag 16 Junie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 9:1-13**

**Fokusgedeelte: 2 Konings 9:6**

### **Jehu – God voer sy beloftes uit**

In 1 Konings 19-15-17 was een van Elia se opdragte dat hy Jehu as koning moet salf. Elisa, op wie Elia se profetekleed geval het, moet nou hierdie opdrag uitvoer. Elisa stuur een van sy profete om hierdie opdrag te gaan uitvoer. Sy opdrag is: salf Jehu tot koning en vlug dadelik daar weg, want hierdie salwing gaan uiteindelik tot die uitwissing van Agab se koningshuis lei. Die jong profeet voer sy opdrag uit – hy gaan na Ramot in Gilead, identifiseer Jehu onder ander offisiere, neem hom na 'n ander vertrek en salf hom as koning.

In sy salwing van die koning betoon hy die nodige respek, maar herinner Jehu dat hy deur die God van Israel koning gemaak is. Sy mag kom van God af. In daardie lig moet hy dit gebruik en besef dat hy aan God verantwoording verskuldig is vir die gebruik daarvan. Verder is hy gesalf as koning oor Israel, die volk van God. Al is Israel se verhouding met God deur hulle ongehoorsaamheid en ontrouheid vertroebel, bly hulle nog sy volk. Hy moet oor hulle regeer volgens God se wette.

Die jong profeet vlug nie dadelik nie, maar bevestig dat hierdie gesag van God kom en dat die doel daarvan is om die koningshuis van Agab uit te roei. Jehu is instrument in die hand van God om sy woord waar te maak. Agab en sy huis het deur hulle optrede God sy eer ontnem. Hulle het die woord van God probeer keer deur die profete dood te maak. Die verbondsvolk is deur die verleidinge van Isebel geestelik verarm.

Wie God sy eer ontnem, wie 'n struikelblok in die koms van die koninkryk van God is, kom onder die toorn van God. Verskriklik is dit om te val onder die toorn van die lewende God. God het Agab en sy huis gewaarsku, maar na al die openbaringe van God se grootheid en soewereiniteit, was daar geen bekering nie. Daarom ontvang Jehu die opdrag om God se Woord waar te maak.

*Sing: Skrifberyming 15-5:4, 5, 6, 7*

*Dr. TC (Theuns) de Klerk (Okahandja)*

**Woensdag 17 Junie**

**Skrifgedeelte: Jeremia 36:1-3, 20-32**

**Fokusgedeelte: Jeremia 36:23**

### **Jehudi se skokkende ervaring**

Het u al gesien hoe iemand sy intense weersin in God se Woord demonstreer deur 'n Bybel te verbrand? Dis byna ondenkbaar ... Tog het Jehudi so iets ervaar! Jehudi was maar net 'n dienskneg in die koning se paleis, maar daar sit iets besonders in sy naam, want dit beteken "Jood". Hy was die agterkleinkind van Kusi wat, op grond van sy naam se betekenis, 'n Kussiet, 'n man uit Afrika, was. Ná die derde geslag kon 'n uitlander, ook 'n Kussiet, deel van die Joodse volk word. Jehudi se naam sê hy is nou deel van God se volk. Die groot ironie in dié gedeelte is dat Jehudi, wie se voorgeslag heidene uit Kus was, nou die woorde van die Here wat in 'n boekrol opgeskryf is, vir die Joodse koning moes voorlees. Die Here stuur sy Woord dus op 'n besonder betekenisvolle manier na die koning. Iemand wat uit die duisternis van die heidendom na die lig saam met God se volk gekom het, bring die Here se Woord. Die koning van die Jode is egter in die duister! Kyk na sy reaksie! Hy sny die boekrol waaruit Jehudi besig is om te lees, stuk vir stuk af en gooi dit in die vuur. Hy verwerp dit. Hy wys dat hy geen, maar géén waarde daaraan heg nie.

Daar is soveel mense wat dieselfde doen. So baie wat weier om die Here se Woord te aanvaar. Deesdae sien 'n mens gereeld hoe mense aktief die Here se Woord verwerp. Benewens die feit dat dit sommer net tot mensewoorde gedegradeer word, word dit boonop dikwels as belaglik afgemaak.

Eeue ná koning Jojakim se optrede, sou sy nageslag weer dieselfde doen. Hulle het die Woord wat aan die kruis op Golgota vlees geword het, verwerp. Soos koning Jojakim in die proses die ware lewe verloor het, sal elkeen wat die vleesgeworde Woord verwerp, verlore gaan. Elkeen wat egter die Woord in geloof aanvaar, sal daardeur lewe.

"Wie die Seun het, het die lewe. Wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie" (1 Joh. 5:12).

*Sing: Skrifberyming 15-7:4, 5*

*Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)*

**Donderdag 18 Junie**

**Skrifgedeelte: Jeremia 29:4-14**

**Fokusgedeelte: Jeremia 29:11**

### **Jeremia bemoedig 'n platgeslane volk**

Ek weet wat ek vir julle beplan. Sonder veel teëspraak kan 'n mens aanvaar dat vers 11 bepaald die gewildste vers in die boek Jeremia is. Baie gelowiges haal die spesifieke vers aan om mense van die Here se seëninge tot voorspoed te verseker. Dit verskyn op verjaardagkaartjies, gelukwensings met huwelike, woorde van bemoediging in tye van swaarkry, ensovoorts. Dit word so gebruik asof die Here altyd slegs die goeie sal gee.

Ongelukkig word die vers dikwels verkeerdelik aangehaal, omdat dit meesal op sigself, en boonop buite konteks, aangehaal word. Wat is die konteks? Die Here het sy profeet hierdie woorde in 'n brief aan die Joodse ballinge in Babel laat skryf. Hulle het alles verloor en lewe op daardie stadium as vreemdelinge in 'n vyandige omgewing.

Daarom klink Jeremia se boodskap nogal eienaardig en kan byna as verraad gesien word! Hy skryf dat hulle in Babel huise moet bou, tui-ne aanlê en selfs die belange van die stad bevorder, want "sy belange is ook julle belange" (vs 4-7).

Jeremia se boodskap is: Selfs al kry hulle bitter swaar, kan hulle voluit lewe, want die Here is in beheer. Hy sal hulle sal ná 70 jaar laat terugkeer. Die Here beplan vir hulle iets groter en heerliker.

Hierdie vers 11 is dus baie duidelik 'n trooswoord vir mense wat midde in 'n beproewing staan. As ons deur diep water moet gaan, weet ons dat niks ons van God se liefde kan skei nie. God werk groter. Dit gaan om sy wil en sy koninkryk. Hy het ons immers in Christus sy eien-domsvolk gemaak (1 Pet. 2:9). Ons is noodwendig vreemdelinge en bywoners in hierdie wêreld.

Ons moet egter só leef dat ons 'n positiewe bydrae in ons omgewing maak (1 Pet. 2:11, 12). Ons kan dit alleen doen onder die kragtige lei-ding van die Heilige Gees. Bid daarom om sy voortdurende leiding.

*Sing: Skrifberyming 14-2*

*Dr. DJ (Danie) de Kock (Krokodilrivier)*

**Vrydag 19 Junie**

**Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 16**

### **Die gemeenskap van gelowiges**

Al hou mense hulle hoe hard, het almal behoefte aan warmte, omgee en sorg vir mekaar.

Jy hóór dit in hierdie slothoofstuk: insameling van liefdegawes vir behoeftiges (vs 1-4), planne om bymekaar uit te kom (vs 5-12), groete, goeie wense en aanbevelings van en vir mekaar (vs 13-24).

Dit laat mens dink aan die tientalle “mekaar-verse” in Paulus se briewe: bemoedig mekaar, bid vir mekaar, vermaan mekaar, groet mekaar, dra mekaar se laste, help mekaar, dien mekaar ...

Dié geloofsgemeenskap kom as vrug van Jesus Christus se kruis en opstanding tot stand. Dit is 'n familie van broers en susters in die Here, wat oor bloedbande en oor taal-, lands- en volksgrense heen strek. Dit is 'n familie wat anderkant die graf bly voortbestaan – vir ewig! Dit is die “heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges” wat ons bely in die Heidelbergse Kategismus Sondag 21:54, 55.

Hoe belangrik is jou geloofsfamilie vir jou? Uit watter kringe kom jou beste vriende? Hoeveel goeie vriende het jy in jou plaaslike gemeente? Vroeër was die “Doppers” ’n hegte familie en soms selfs bloedfamilie deur ondertrouery! Byna almal het mekaar geken. Dit is helaas nie meer so nie.

Kan ons nie weer, ten spyte van TV, vol programme en gejaagde lewe, iets doen aan die opbou van ons geloofsbande nie? Jou gemeente is jou tuiste by die Here en sy mense, by jou ewige broers en susters!

*Sing: Skrifberyming 27:5*

*Ds. J (Johan) Botha (Emeritus)*

**Saterdag 20 Junie**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 30**

**Ek lewe om die Here voortdurend te loof**

As dit goed gaan, aanvaar ons baie dinge vanselfsprekend. So beskou ons soms gesondheid as 'n basiese reg. Ons sorg dat ons gesond bly en met oefeninge, vitamienes en diëte is ons ook in staat daartoe. Ons is in staat is om hierdie dinge self te doen, daarom raak ons selfversekerd.

Toe dit met Dawid goed gegaan het, het hy ook selfversekerd gesê: Niks sal my ooit laat wankel nie. In hierdie woorde hoor ons: Dawid het vergeet hy staan vas en veilig deur die Here se goedheid. Lof aan God vir genade moes plek maak vir eie roem.

'n Mens kan nie uit eie krag leef nie. Toe die Here Hom van Dawid onttrek, is sy gesondheid ook daarmee heen. Skielik is al sy eiwaan weg, want in swakheid wankel hy voor die geringste teenstand ... en die vyande wag gretig op sy dood.

Vrees het Dawid om genade laat smEEK. Om gered te word, is nie 'n reg nie, en die Here is nie afhanklik van 'n sondaar se lof nie. Dawid smEEK om genade, want hy lewe om God te loof en nie om groot te praat nie. En die Here het gehoor. Asof vanuit die dood het die Here hom lewend gemaak. Hy het hom gesond gemaak, sy rouklere uitgetrek en feesklere aangetrek. Nou sal hy die Here sy God altyd loof, want daarvoor leef hy.

Jesus Christus het nie vir ons net tot op die rand van die dood gegaan nie. Hy het die dood ingegaan en deurgegaan. Deur die Heilige Gees kry ons uit genade nie net 'n gesonde lewe nie, maar die ewige lewe. Daarom sal ek ook my hele lewe 'n loflied maak tot eer van God.

*Sing: Psalm 30:1, 8*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*

## Sondag 21 Junie

### Skrif- en Fokusgedeelte: Eksodus 18:1-23

#### Jetro – Gee voorrang aan die noodsaaklike

Die naam “Jetro” beteken “voorrang”. Sy voorsaak was ’n seun van Abraham by Ketura, en só familie in die voorgeslag van Moses. Jetro was bekend met die HERE en het ook op besoek by Moses ’n godsdienstige maaltyd saam met Aäron en die oudstes van die volk geëet.

Ná Moses se vlug uit Egipte uit vrees vir die farao, ontvang Jetro Moses in sy huis. Dit was nadat Moses sorg gedra het dat Jetro se dogters die kleinvee kon water gee sonder om deur die ruwe skaapwagters by die put verdring te wees. Hy was die heenkome vir Moses. Só berei God Moses vir sy roeping voor. In die stroewe woestyn moes Moses die eise van die dag onder Jetro leer.

Jetro gee aan Moses sy dogter Sippora as vrou. Nadat die HERE Moses roep om sy volk uit Egipte te lei, konfronteer die HERE Moses omdat hy een van sy seuns nie besny het nie, en wou hom doodmaak. Sippora besny die een seun, en red daarmee Moses se lewe. Daarna het Moses vir Sippora en die seuns na Jetro teruggestuur terwyl hy die volk uit Egipte lei.

Op pad deur die woestyn besoek Jetro vir Moses en bring Sippora en die twee seuns na Moses. By hierdie geleentheid bedien hy Moses van waardevolle advies oor die regspleging deur bekwame manne aan te stel om kleiner sake aan te hoor en te verhoor. Daarmee kry Jetro se naam “Voorrang” praktiese gestalte as hy Moses adviseer om self net die ernstiger en groot sake, as die verteenwoordiger van God, by die volk te behartig. Deur aan die noodsaaklike voorrang te gee, word God se saak ten beste gedien.

Deur Jetro se advies kon Moses as middelaar van die Ou Testament God se saak ten beste dien deur God se kind die spieël van sy wil te leer. Om jouself daarin te betrag, maak dit jou persoonlike gemeenskap met God ’n heerlike werklikheid omdat jy aan die noodsaaklike voorrang gee.

*Sing: Psalm 105:23 (1936)*

*Ds. SD (Vasie) de Kock (Potchefstroom-Suid)*

**Maandag 22 Junie**

**Skrif- En Fokusgedeelte: 1 Konings 2:28-34**

### **Joab – God neem ook die kwaadwillige in diens**

Wat 'n man om aan jou sy te hê: Joab (*die Here is Vader*). Die dapperste van die dapperes saam met sy twee broers, Abisai en Asahel. Hulle was seuns van Seruja, die suster van Dawid.

Tog is hy iemand wat by meer as een geleentheid vir Dawid 'n verleentheid was (die moord op Abner en Amása). Joab wat die gees onder die volk raak kon opsom – 'n beroepsoldaat. Joab – iemand van wie daar niks oor sy geloof opgeteken is nie. Wel iemand wat sy teenstanders koelbloedig kon uitskakel.

Tog het Joab gesorg dat die koningskap van Dawid bestendig bly. Dawid kon hom op sy koningskap toespits. Die sagtheid van Dawid teenoor sy kinders (Absalom en Adonia) het hy waarskynlik verag, en daarom kon hy korte metten met 'n weerlose Absalom maak.

Dawid kon beswaarlik teen Joab optree (Dawid se opdrag oor Uriah, die eggenoot van Batseba), en tog word hy op sy sterfbed gepla deur die bloedskuld wat hy ongestraf laat bly het. Hy dra Joab aan Salomo op om met hom af te reken. Al was Joab nie bekend vir die gemeenskap met God nie, ken hy die reg van die onskuldiges. Hy vlug na die altaar in die tent van die HERE en gryp die horings van die altaar vas. Die vasgryp van die horings van die altaar was net vir onskuldiges bedoel. Net hulle kon op God se beskerming hoop.

Met sy bloedskuld kon hy nie op God reken nie. Die geharde soldaat sterf by die horings van die altaar (wat die ontferming van God simboliseer), sonder dat God hom in genade omhels.

Só neem God ook die kwaadwillige in diens om sy doel met sy kinders te bereik. 'n Lewe sonder God ter wille van die man na sy hart – Dawid, uit wie se nasate die Verlosser gebore word. Hy word in die woestyn begrawe – die broeiplek van die duiwel.

*Sing: Psalm 99:5 (1936)*

*Ds. SD (Vasie) de Kock (Potchefstroom-Suid)*



**Dinsdag 23 Junie**

**Skrifgedeelte: Job 1:1-12; Romeine 8:31-39**

**Fokusgedeelte: Job 1:9-12**

### **Job – God heers, selfs oor die kwaadwillige werk van Satan**

Die boek Job is vir ons neergeskryf nie om net vir ons te wys hoe goedgelowig Job was nie. Die verhaal van Job leer ons dat die swaarkry wat gelowiges beleef, deel is van 'n groter geestelike stryd. Die stryd waarin ons gewikkel is, is 'n stryd om alles wat ons het en is aan God te onderwerp.

As ons Job 1:8 lees, sien ons hoe die Here die argument oor Job begin het. God vra as't ware vir Satan: "Ken jy vir Job?" Satan se antwoord laat duidelik blyk dat hy Job al deeglik dopgehou het. Dan maak Satan die voorstel dat God sy *eie hand uitstrek* en alles wat Job het, aantas (1:11).

Dan doen God iets onverwags. Hy gee alles wat Job het, behalwe sy lewe, *in die hand van Satan* oor. Hy stel Satan dus onder sy hand. Satan staan in diens van God. Die uiteinde van die boek wys vir ons: die duiwel stel 'n strik, maar God laat hom self daarin trap. In blinde haat en begeerte om God verkeerd te bewys, sien Satan nie dat hy *nie* kan wen nie.

In verdere hoofstuke sien ons hoe Satan alles van Job wegneem. Tog sien ons: ware geloof is nie afhanklik van omstandighede nie. Job weet sy Verlosser leef (19:25). Job weet dag kom na nag. Sy Verlosser heers, ook oor sy swaarkry. Ook in sy haglike omstandighede word die woorde van Romeine 8:31 waar: "... as God vir ons is, wie kan teen ons wees?"

Dien jy die Here ten spyte van jou omstandighede? Neem jy nog die goeie *en* slegte uit Gods hand aan? Deur jou nood en hartseer maak God jou leeg van jouself, sodat net jou Verlosser oorbly. Jou Verlosser, Christus, wat swaarkry beter ken as wat jy ooit sal.

Bid daarom: "Op U alleen staan my verwagting" (Ps. 31-1:11).

*Sing: Psalm 31-1:1, 4, 7, 15, 19*

*Teologiese Student Marnix Boersema*

**Woensdag 24 Junie**

**Skrifgedeelte: Job 2:1-10**

**Teksgedeelte: Job 2:9-10 (OAV/NAV)**

### **Job se vrou – Aanvaar God in goeie en in slegte tye**

Ons lewe vandag in 'n tyd waar swaarkry 'n algemene woord onder gelowiges geword het. Baie mense sit sonder werk, mense om ons gaan dood, mense word siek en misdaad in ons huidige konteks is 'n realiteit. In al hierdie swaarkry is dit vir ons baie maklik om die blaam op iemand anders te plaas.

Job het baie pyn en hartseer in sy lewe ervaar, en dit was dan ook so dat sy vrou vir hom in 2:9 sê om God te vervloek en om te sterf. Sy het uit onkunde met Job gepraat. Net soos Job het sy ook al die hartseer beleef, sy het ook haar kinders verloor en sy't gesien hoe siek haar man is. Sy raai Job aan om te doen wat Satan met Job se rampe beoog.

Hier sien ons hoe Satan weer die vrou as verleidster gebruik (Gen. 3:1). Haar gedagtes is hier dat lyding sonder God makliker is as met God. Job verwerp die verleiding, omdat God soewerein is.

Ons moet ook alles aanvaar soos Hy dit beskik. Ons as mense is geneig om God se regverdigheid en goedheid te bevraagteken. Dit is juis die doel van die boodskap in Job: om vir ons daarop te wys om nie van God af weg te draai nie, om nie in die versoeking te kom om God te vervloek nie. Sy eie Seun moes die angste van die hel deurgaans ter wille van ons.

God laat soms toe dat daar slegte dinge met ons gebeur, en wat die rede ook al is, dis nie vir ons om oor te tob nie. Dit is juis hierin waarin Job vir ons die antwoord gee, as ons geweet het wat God met ons lyding ten doel gehad het, sou daar geen spasioes gewees het vir geestelike groei nie.

Dit is ons plig as Christene om so ver soos ons menslikheid dit toelaat, te probeer om nie te sondig nie. Ons moet God in goeie tye en in slegte tye vertrou.

*Sing: Skrifberyming 10-2 (SB 28b)*

*Teologiese Student Hendrik Pelsers Schutte*

**Donderdag 25 Junie**

**Skrifgedeelte: Joël 2:18-32**

**Fokusgedeelte: Joël 2:18 (OAV)**

### **Joël – God verskoon ons van ons oortredinge**

Ons is verskoon van ons sondes. Wat beteken dit vandag nog vir ons? Lewe ons nog as mense wat verskoon is van sonde, wat skoon gewas is, witter as sneeu?

Die HAT verklaar verskoon soos volg: verontskuldig, ekskuseer: iemand se slegte gedrag verskoon. Vanuit 1 Samuel 1:3 lees ons ook dat die dood niemand verskoon nie. Tog verskoon die Here die volk hier van hulle oortredinge. Hoe kan die Here hulle net so verskoon van hulle oortredinge? Omdat dit in die Here se raadsplan is dat hulle, deur die bloed van sy Seun wat gaan loop, van hulle sonde verskoon word.

Dit geld ook vir ons vandag, ons word van ons sonde verskoon omdat ons glo dat Jesus Christus ons enigste Verlosser is en vir ons sondes gesterf het. Deur Christus word ons van ons sondes verskoon. Ons moet egter ook as verskoondes optree.

Hoe tree ons op as verskoondes? En waarom tree ons op as verskoondes? Ons doen dit deur nie gelyk te word aan die wêreld in moeilike omstandighede nie. Wanneer iemand voor ons inry, moet ons nie dadelik op die persoon begin skel en vloek nie, al is dit hoe moeilik. Deur nie sondig te reageer in moeilike omstandighede nie, wys ons dat ons uitverkorenes van die Here is.

Die Here spreek deur mense in hulle optrede. Ander moet God se stem deur ons optrede kan hoor, ons is immers verskoondes, ons staan verontskuldig voor God, waar om sal ons dan nog gelykvormig wil raak aan die wêreld? Ons moet ook in dinge waarmee ons nie saamstem nie, God se lig laat skyn.

Of ons 'n boer, veearts, onderwyser of tandarts is, moet ons in alle omstandighede, maklik of moeilik, optree soos verskoondes en ook opstaan vir wat reg is in die oë van die Here, dan sal dit goed gaan met ons, al gaan dit ook sleg. Ons sal ervaar dat ons nie alleen is in moeilike omstandighede nie.

*Sing: Psalm 32:1-4*

*Teologiese Student Werner Brotherton*

**Vrydag 26 Junie**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 31**

**My tye is in die Here se hand**

Ons mense se tye is afgebaken. God het in sy wysheid die tyd van ons geboorte en die tyd van ons sterwe bepaal. In die grootste lewensgevaar het ons ook dan dié sekerheid: Ons tye is in die hand van die Here.

Dawid het ook hierdie sekerheid gehad. Bloeddorstige vervolgers het sy lewe benoud gemaak. Hy het hulle gehoor dreig en planne maak om sy lewe te neem. Hy was so benoud dat hy net aan hierdie gevaar gedink het – hy het as't ware van angs vergaan. Hy het swak geword, sy krag was min en sy liggaam uitgeteer.

Vir sy teëstanders was dit 'n rede om die spot met hom te dryf, en vir sy bure en bekendes 'n rede om hom te verstoot en te verlaat. Hy het soos 'n weggooilap gevoel. By dit alles het hy in sy angs gedink: die Here het my ook verwerp.

Maar in die verlede het die Here hom nie vergeet nie. Die troue God van die verbond was nie onverskillig teenoor sy nood nie. Hy het Dawid se benoudheid vroeër raakgesien en hom uit die mag van die vyand gered. Daarom kan en sal hy ook in hierdie benoudheid sy vertrouwe op die Here alleen stel. Wat ook al gebeur, sy tye is in die Here se hand.

Ons hemelse Vader het ook ons nood raakgesien en ons daarvan verlos. Jesus Christus het ons doodsgevaar op Hom geneem, sodat Hy van God verlate was. Ons sal nie weer verlaat word nie, want sy Gees is in ons.

Al draai mense hulle rug op ons en dreig ander om ons lewe te neem, weet ons verseker: Ons tye is in die Here se hand. Christus het in ons plek die grootste doodsgevaar gedra.

*Sing: Psalm 31:1, 12*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*

**Saterdag 27 Junie**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 32**

### **Bely jou skuld!**

Baie van die sondes wat ons doen, is nie aan ander mense bekend nie. Omdat ons alleen daarvan weet, dink ons ons kan dit vir God ook wegsteek. As God nie daarvan weet nie, hoef ons mos nie nederig en skaam voor Hom te staan en al ons lelike sondes voor Hom uit te stal nie.

Dawid het ook gereken hy kan oor sy sonde swyg, maar toe word hy *onverklaarbaar* siek. Sy liggaam het uitgeteer en sy krag het soos water in somerhitte vinnig minder geword. Die heeldag het hy om hulp geroep, maar niemand kon hom help nie.

Die siekte was egter nie so onverklaarbaar nie. Dit was God se hand wat sy krag uit hom gepers het omdat hy nie sy skuld bely het nie. Gelei deur die Heilige Gees het hy berouvol sy skuld bely: Ek was opstandig teenoor die Here. Ek het gesondig en dit ook nog probeer wegsteek vir Hom. Die heerlike gevolg van sy belydenis is: “U het my skuld vergewe.” Of hy gesond geword het, weet ons nie, want die vergifnis van sonde weeg swaarder as sy gesondheid.

Laat ons ook na die onderrig van die Gees luister. ’n Gelowige son-  
daar sonder berou is soos ’n goddelose met baie smarte. God laat die sonde nie ongestraf nie. Hy het eerder sy Seun vir ons sondes gestraf as om die sonde ongestraf te laat.

Nou het ons die Heilige Gees: Hy haal die “onverstandige perd en muil” uit ons uit en maak ons vrymoedig om na God te gaan en in Christus om vergifnis te smee. In my berouvolle hart getuig die Gees dan van die vergifnis wat ek in Christus kry. Ek voel hoe die Here my inderdaad met sy liefde omvou.

*Sing: Psalm 32:1, 3*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*

**Sondag 28 Junie**

**Skrifgedeelte: 1 Johannes 5:13-21**

**Fokusgedeelte: 1 Johannes 5:20 (OAV/NAV)**

### **Johannes – Deur God se werk ken ons God**

Dit is wonderlik om te weet dat ons as gelowiges die ware God kan ken. In sy oneindige groot liefde het Hy sy Seun gegee om dit moontlik te maak. Deur Christus se offer aan die kruis is daardie skeiding wat bestaan het tussen ons en God, heeltemal verwyder. Ons kan nou met 'n geruste hart waarlik tot God nader en dit wat Hy aan ons openbaar, inneem en daarvolgens leef.

Deur die Gees wat in ons werk, kan ons hierdie openbaring verstaan en ook met vrymoedigheid ons verhouding met God versterk deur die gebed. Ons moet op ons knieë sak en God dank vir hierdie wonderlike middele wat Hy aan ons gegee het sodat ons Hom kan ken en in die geloof kan groei.

God gebruik dan ook mense soos Johannes (*die Here is genadig*) om ons kennis in God uit te brei. Die Gees het in Johannes gewerk om God se boodskap neer te skryf, en daardie selfde Gees werk in ons harte vandag sodat ons hierdie boodskap kan verstaan en God waarlik kan ken.

Omdat ons God waarlik ken, weet ons dat ons in ons nood God kan nader en so kan ons begryp dat alles wat ons nou hier op aarde deurgaan, deel is van God se raad.

Ons het ook nou dié kennis en deur die Gees kan ons ander leer sodat hulle ook deur geloof God kan ken.

*Sing: Psalm 45:1, 4 (1936)*

*Theologiese Student Jaco Cronje*

**Maandag 29 Junie**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 33**

**Ook in jou nood bly die Here getrou**

In noodsituasies voel 'n mens hopeloos. Die bedreiging is soms oorweldigend en dit lyk asof jou ondergang onafwendbaar is. Jy sê vir jouself: Dit is verby met my.

Die volk van die Here het ook so gevoel. 'n Vyandige leër het stelling teenoor hulle ingeneem. Hulle het gesien dit is klaarpraat met hulle, maar hulle word opgeroep om te jubel in die Here.

Hoe kan 'n mens 'n loflied sing as die gevaar dreig? 'n Mens kán, want die hele wêreld is vol van die Here se troue liefde. God het die heelal deur sy woord geskep en elke hemelliggaam op sy plek onderhou. Die seewater het Hy soos in 'n dam saamgebring.

Ons God en Skepper wat dit alles doen, regeer ook oor die nasies wat Hy geskep het, dus ook oor die vyand. Hy kan hulle planne op niks laat uitloop nog voordat hulle dit kan uitvoer. Selfs as die vyand die volk aanval, sal die Here sy troue liefde steeds bewys. Hy sal sy volk van die dood red. In hongersnood sal Hy hulle aan die lewe hou.

Die grond van hierdie troos is: Die God wat alles geskep het en in stand hou, is hulle Here. Hy het hulle as sy volk uitgekies. Sy troue liefde wat in die hele wêreld sigbaar is, sal ook aan hulle in hul nood bewys word.

Liewe leser, in jou nood het jy hierdie troos: Die Heilige Gees binne-in jou getuig dat jy God se kind is. Hy is jou Here. Jesus Christus het jou skuld betaal. Weet verseker dat die Here ook aan jou in jou nood sy troue liefde sal bewys.

Vertrou op Hom; wag geduldig op Hom; Hy is jou hulp en beskermer.

*Sing: Psalm 33:2, 6*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*

**Dinsdag 30 Junie**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 34**

**Jy is verlos tot voordeel van alle mense**

Jy is verlos en dit bring vir jou groot blydskap. Jy is egter ook verlos tot voordeel van jou medegelowiges en ander mense.

In doodsgevaar het Dawid tot die Here geroep, Hy het gehoor en hom uit hierdie gevare gered. Daarom sal hy die Here altyd prys, nie net met dié lied nie, maar met sy hele lewe. Sy hele lewe is 'n loflied sodat ook die medegelowiges dit kan hoor en bly kan wees. Hulle is so bly dat hulle saam met Dawid die Here loof.

Dawid gaan egter verder met die loflied. Hy gee onderrig in wysheid. Uit eie ervaring getuig Dawid: Die mens wat swaarkry, kan met vertroue en verwagting opkyk na die Here en hy sal nie teleurgesteld wees nie. Die Here sal hom red.

Om met vertroue en verwagting na die Here op te kyk, moet daar egter 'n verhouding met die Here wees. So 'n verhouding is sigbaar in diens aan die Here. Diens aan die Here beteken: bly weg van kwaadpraat en kwaaddoen; doen goed – soek en jaag die vrede na.

'n Mens wat in 'n herstelde verhouding met God en sy naaste leef en vrede soek en najaag, kan op die Here se hulp staatmaak. Al word hy deur hoeveel rampe getref, die Here sal hom uit almal red.

Ook ons kan dit met volle oortuiging sê. Ons Vader het sy Seun vir ons oorgegee. Sy verlossingswerk het ons verhouding met God herstel. Nou kan ons selfs in die grootste nood die Here bly dien, want Hy is naby ons. Sy Heilige Gees gee ons deel aan Christus se opstandingskrag.

Uit dank daarvoor maak ons ook 'n loflied van ons lewe tot eer van God en voordeel vir alle mense.

*Sing: Psalm 34:1, 8*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*